

Eenheid en gebroke bande



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

2 Timoteus 4:11, Filemon 1–25, 2 Korintiërs 10:12–15, Romeine 5:8–11, Efesiërs 4:26, Matteus 18:15–17.

Geheeteks:

“Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word” (Romeine 5:10, NAB).

Soos ons reeds gesien het, het die gelowiges selfs na Pinksterdag nie altyd so lekker oor die weg gekom nie. ’n Mens lees herhaaldelik hoedat kerkleiers en selfs lidmate sulke krisisse die hoof moes bied. Die beginsels wat ’n mens daaruit kan affei, is van onskatbare waarde vir die hedendaagse kerk. Dit toon die positiewe uitwerking wat bybelbeginsels het wanneer dit vir konflikresolusie en die behoud van ons eenheid van Christus ingespan word.

In vandeeweek se les val die soeklig op die herstel van wedersydse bande, en hoedat daardie bande van broeder- en susterskap ons eenheid in Christus beïnvloed. Die bediening van die Heilige Gees behels die bymekaarbring van God en gelowige, en ook van gelowige en medegelowige. Dit sluit die verwydering van alle skeidsmure tussen ons en God in, asook dié wat skeiding tussen gelowiges bring. Dit kom daarop neer dat die kerk se optrede die kragtigste getuie ten gunste van die evangelie is – dade spreek harder as woorde.

“As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is” (Joh. 13:35, NAB). Sonder daardie liefde is al ons praatjie oor kerkeenheid nutteloos.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 8 Desember.*

Herstel van die samesynsband

Paulus en Barnabas het saam vir Jesus getuig. Op 'n dag ontstaan daar 'n meningsverskil oor Johannes Markus. Die een wou hom as medewerker hê; maar die ander nie, omdat dié hom as onbetroubaar beskou het (Hand. 15:36–39). Vanweë die gevare wat evangelisasie destyds ingehou het, het Johannes Markus sommer by 'n vorige geleentheid sy tas gepak en huis toe gegaan. So het hy dus vir Paulus-hulle in die steek gelaat (hfst. 13:13). “Hierdie versaking het Johannes Markus in onguns by Paulus gebring. 'n Tyd lank het die apostel selfs 'n diepe renons in hom gehad. Barnabas was egter meer insiklik en het gevoel dat Johannes bloot 'n onervare evangeliewerker was. Hy wou nie hê dat Johannes Markus die bediening moes verlaat nie. In die jongman het hy eienskappe bespeur wat van hom 'n volronde evangeliewerker sou maak” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 170). Hoewel die Here al drie dié mans in sy diens gebruik het, moes hulle steeds hul geskille oplos. Die einste Paulus wat so oor vergewensgesindheid gepreek het, moes hier 'n jong prediker wat hom teleurgestel het, vergewe. Die apostel moes woord by daad voeg. Wat meer is, danksy Barnabas se opbouwende mentorskap het Johannes Markus behoorlik gebloom (Hand. 15:39). Klaarblyklik was Paulus later diep ontroerd oor daardie transformasie.

Wat sê Paulus se Sendbriewe aan Timoteus en die Kolossense oor sy hernieude band met Johannes Markus, asook sy nuutgevonde vertroue in dié jong prediker? Kol. 4:10, 11; 2 Tim. 4:11.

Hoewel die Bybel nie veel oor die versoening tussen Paulus en Johannes Markus sê nie, is dit iets wat wel gebeur het. Dit blyk duidelik uit die Skrif. Johannes Markus het een van Paulus se mees betroubare makkers geword. Paulus het Johannes Markus as 'n “medewerker vir die koninkryk” (OAB) by die Kolossense aanbeveel. Aan die einde van sy bediening dring Paulus by Timoteus aan: Bring Johannes Markus saam met jou Rome toe. Die rede vir Paulus se versoek? “Want hy kan my tot groot diens wees” (2 Tim. 4:11, OAB). Paulus se bediening is deur dié jong prediker verryk, na hy hom vergewe het. Die skeidsmure tussen hulle is afgebreek, sodat hulle medewerkers van die evangelie kon wees. Dalk het Paulus gevoel dat sy aanvanklike verwerping van Johannes Markus onbillik was. Die presiese aard van hul meningsverskille is ook nie duidelik nie. Al wat tel, is egter die feit dat hulle uiteindelik die strydbyl begrawe het.

Hoe kan ons leer om diegene wat ons seergemaak en teleurgestel het, te vergewe? Tog gebeur dit soms dat vergifnis nie op 'n totale herstel van die bande tussen jou en 'n ander lei nie? Hoekom hoef daardie nuwe band nie noodwendig soos die oue te wees nie?

Van slaaf tot seun

In die tronk in Rome ontmoet Paulus 'n drostende slaaf, Onesimus, wat vanuit Kolosse na Rome gevlug het. Toe besef hy: Maar ek ken mos Onesimus se eienaar! In sy Sendbrief aan Filemon doen Paulus 'n beroep op eersgenoemde, wat ook sy vriend was, om bande tussen hom en die drostende Onesimus te herstel. Menslike bande was baie belangrik vir Paulus. Die apostel het geweet dat die verbreking daarvan skadelik vir beide geestelike groei en kerkeenheid was. Neem in ag dat Filemon 'n kerkleier in Kolosse was. Die koestering van 'n wrok teen Onesimus sou Filemon se Christelike getuienis benadeel het, en daarmee saam die kerk se getuienis aan die nie-gelowiges van daardie landstreek.

Lees Filemon 1 tot 25. Watter belangrike beginsels oor die vernuwing van bande tussen self en ander put ons uit hierdie skrifgedeelte? Onthou net, beginsels is die relevante woord hier.

Met die eerste oogopslag wonder 'n mens hoekom Paulus nie slawerny as maatskaplike euwel sommer daar en dan aangespreek het nie. Tog volg Paulus hier 'n heelwat meer doeltreffende strategie. Die evangelie-ideaal is dat alle vorme van maatskaplike onderskeid verwyder behoort te word (Gal. 3:28; Kol. 3:10, 11); derhalwe stuur die apostel vir Onesimus terug na Filemon, maar nie as 'n slaaf nie. Onesimus is nou Filemon se seun in Jesus, sy “geliefde broer” in die Here (Filem. 16, NAB).

Paulus was weldeeglik bewus van die swak vooruitsigte vir drostende slawe – haweloosheid en volslae armoede. Maar noudat Onesimus Filemon se broer in Christus, en gewillige medewerker geword het, wag daar vir hom 'n beter toekoms. By Filemon was Onesimus seker van kos, losies en werk. Die herstel van daardie gebroke band het dus 'n reuse verskil in sy lewe gemaak. So het Onesimus dan “die getroue en geliefde broeder” geword en ook by Paulus as evangeliewerker aangesluit (Kol. 4:9, OAB). Paul was so vurig en vasbeslote oor versoening tussen dié twee gelowiges, dat hy bereid was om self vir die skade te betaal wat moontlik deur Onesimus se drostery veroorsaak is.

Wat kan ons uit hierdie evangelie-sentriese benadering tot konflikresolusie leer? Hoe kan dit 'n mens help wanneer die bande tussen jou en ander onder druk verkeer, verswak of selfs dreig om te skeur? Hoe kan hierdie beginsels 'n skeur in jou plaaslike gemeente help voorkom?

Eenheid deur gawes van die Gees

In 'n vorige les het ons reeds gesien hoe die kerk in Korinte met ernstige probleme te kampe gehad het. Lees 1 Korintiërs 3:5–11, hoofstuk 12:1–11 en 2 Korintiërs 10:12–15. Watter beginsels sit Paulus hier oor genesing en herstel uiteen, beginsels waarsonder kerkeenheid nie moontlik is nie?

In hierdie skrifgedeeltes bring die apostel uiters noodsaaklike beginsels ter wille van kerkeenheid aan die lig. Hy wys daarop dat Jesus verskillende mense met uiteenlopende bedienings in sy kerk gebruik, hoewel elkeen sy/haar deel tot opbou van die koninkryk doen (1 Kor. 3:9). In Christus word ons tot samewerking geroep, en nie tot onderlinge kompetering nie. Elke gelowige ontvang 'n gawe van God. Só kan ons as die liggaam van Christus saamwerk, ander tot diens wees, in die kerk en in die gemeenskap (1 Kor. 12:11). Boonop is die een gawe ook nie beter of swakker as die ander nie. Elke gawe van die Gees is van kardinale belang in God se kerk (1 Kor. 12:18–23). Ons ontvang dit ook nie om daarmee te spog nie. Die Heilige Gees gee dit aan die medewerkers van God ter verkondiging van die blye boodskap. Die vergelyking van gawes en talente word ten sterkste afgeraai, omdat dit gelowiges óf mismoedig óf arrogant sal maak. As 'n mens jouself met ander vergelyk en tot die slotsom kom dat hulle kwansuis “beter” as jy is, lei tot tot terneergedruktheid, met die gevolg dat jou Godgegewe bediening stoom verloor. Die keersy is ook 'n probleem. As jy meen dat jou bediening belangriker as dié van ander is, lei dit tot trots – 'n houding wat geen Christen ooit behoort te koester nie. Beide houdings doen afbreek aan die doeltreffendheid van ons Christelike bediening, asook ons samesynsband. Elkeen behoort hom/haar liefes by die invloedseer te hou waartoe hy/sy in Christus geroepe is. So sal ons vreugde en vervulling uit ons Christelike getuienis put. Dan sal elkeen se pogings tot dié van die res bydra, en sal God se kerk ongekende vooruitgang ter wille van die koninkryk maak.

Kan jy aan iemand dink op wie se gawe (en derhalwe bediening) jy al jaloers was? (Dit gebeur so maklik, nê?) Of wat van die kere toe jy heimlik trots op jou “beter” talent was? Hoe dit ook al sy, Paulus is bekommerd oor dié swakheid in die gevalle mens. Aan watter een van die twee ons ons skuldig maak, is basies irrelevant. Laat ons onself eerder afvra: Hoe kan ons as gelowiges leer om minder egosentries te wees sodat die kerk sy eenheid in Christus kan behou?

Vergifnis

Wat is vergifnis? Betekenis vergifnis dat 'n mens die gedrag van iemand wat jou op 'n vreeslike wyse te nagekom het, goedkeur? Is my vergifnis afhanklik van die oortreder se skuldbelydenis en berou? Wat as die een wat my te nagekom het, nie my vergifnis verdien nie?

Hoe help die volgende skrifgedeeltes ons om die aard van Bybelse vergifnis beter te verstaan? Rom. 5:8–11; Luk. 23:31–34; 2 Kor. 5:20, 21; Efe. 4:26.

Christus het die eerste stap gedoen om ons met Hom te versoen. Aan die veroordelende mens sê Paulus: “Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?” (Rom. 2:4.). Deur Christus is ons met God versoen, toe ons nog sondaars was. Daardie versoening kom nie deur ons belydenis en berou nie. Dit kom deur Christus se soendood. Al wat ons te doen staan, is om daardie reddende versoeningsgebaar te aanvaar. Nietemin moet ons ons sondes bely voordat ons die seëninge van daardie vergifnis kan geniet. Dit beteken ook nie dat ons belydenis die Here skielik vergewensgesind teenoor ons maak nie. Sy vergifnis was nog altyd daar. Belydenis beteken bloot dat ons daardie vergifnis in ontvangs kan neem (1 Joh. 1:9). Belydenis is dus van kardinale belang – en nie omdat dit God se houding teenoor ons verander nie, maar omdat dit ons s'n teenoor hom verander. Wanneer 'n mens op die influisterende Gees ag slaan, bring Hy jou op 'n kragtige wyse tot 'n sondebef. Dan toon jy berou, en jy bely jou sonde. Dit is hoe die sondaar getransformeer word.

Vergifnis is ook onontbeerlik vir die gelowige se geestelike welstand. Die versuim om diegene te vergewe wat jou tenagekom het – selfs wanneer hulle dit nie verdien nie – kan die lydende party meer skade as die skuldige party aandoen. Om die pyn in jou rond te dra omdat jy weier om die skuldige party te vergewe, beteken dat laasgenoemde se wandaad voortduur. Die rondra van sulke seerkry en bitterheid is waar verdeeldheid en gespanne verhoudings in die kerk vandaan kom. Om nie daardie seerkry aan te spreek nie, stel ons eenheid in die liggaam van Christus in gevaar. Vergifnis beteken dat ons ons wedersydse veroordelings laat vaar omdat Christus ons van sy veroordeling gespaar het. Dit is egter nie 'n manier om die leed wat ander ons aangedoen het, goed te praat nie. Wat beteken dit wel? Bloot dat versoening tussen jou en die skuldige party moontlik is omdat Christus die moeite gedoen het om versoening tussen ons en Hom te bring, en dit nadat ons Hom tenagekom het. Ons kan vergewe omdat God ons vergewe het. Ons kan liefhê omdat God ons liefhet. 'n Mens besluit dus om iemand te vergewe. Jy kies doelbewus om die skuldige party te vergewe, ongeag wat daardie een dink of doen. Dit is die gees waarmee Jesus ander benader het.

**Hoe kan ons leer om ander te vergewe deur op Christus se vergifnis te fokus?
Hoekom is hierdie soort vergifnis so onontbeerlik in die Christelike ervaring?**

Herstel en eenheid

Lees Matteus 18:15–17. Wat staan ’n mens as lidmaat te doen wanneer jy verontreg is? Let op die drie stappe wat Jesus ons hier gee. Hoe kan ons sy woorde vir die oplos van eietydse konflikte gebruik?

Met hierdie vermaning in Matteus 18 probeer Jesus interpersoonlike konflik in die kerk tot so min as moontlik betrokkenes beperk. Vir Hom is konflikresolusie iets wat slegs tussen die twee partye tussen wie die geskil ontstaan het, moet plaasvind. Dit is hoekom Jesus sê: “As jou broer [of jou suster] verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom [of haar] tereg waar julle eenkant alleen is” (Matt. 18:15, NAB). Hoe meer mense by die konflik betrek word, hoe meer die verdeeldheid tussen hulle, en hoe groter die kans dat die samesynsband van die gemeente in gevaar gestel word. Mense begin kant kies, wat later in ’n tweestryd ontaard. Wanneer gelowiges egter hul geskille privaat – en in ’n gees van Christelike liefde en wedersydse begrip – probeer bylê, skep dit ’n ryk teelaarde vir versoening. Dan is harte ontvanklik vir die influisterende Gees, wat hulle in hul pogings tot konflikresolusie lei. Soms werk sulke pogings tot privaat konflikresolusie nie. In sulke gevalle, sê Jesus, moet ’n mens ’n getuie of twee saam met jou neem. Hierdie stap is egter ’n tweede poging, nadat die een-tot-een-opsie gefaal het. Nietemin bly eersgenoemde ’n ontmoeting ter wille van versoening, en nie om ’n al groter wig tussen die strydende partye te dryf nie. Die een of twee wat die verontregde party vergesel, is nie daar om laasgenoemde se standpunt te steun, of met hom/haar teen die ander party saam te span nie. Nee, die getuies kom in die gees van Christelike liefde en medelye, in ’n raadgewende hoedanigheid om saam met die betrokke partye te bid. Hulle is deel van die versoeningsproses; om die bande tussen twee gelowiges wat van mekaar vervreemd geraak het, te herstel.

Partymaal, sê Jesus, is alle pogings tot konflikresolusie vergeefs; in welke geval die geskil na die gemeente geneem moet word. Hiermee sê Hy geensins dat ons die diens op ’n Sabbatoggend moet onderbreek, en dit om ’n privaat konflik te bespreek nie. Indien die eerste twee stappe ter konflikresolusie nie werk nie, moet dit na die kerkraad verwys word. Dit is dan die aangewese plek vir so ’n bespreking. Die doel daarvan, is volgens Jesus, steeds versoening. Dit is beslis nie om alle blaam op een party af te skuif en die ander een kwyt te skel nie. “Wrewel moet in die kiem gesmoor word, voordat dit in kwaadwilligheid omsit. Moenie toelaat dat die onkruid van seerkry wortelskiet en deur jou woorde bitter vrugte afwerp nie. Ander hoor dit, en dit besmet hul denke. Julle moenie een toelaat dat bitterheid oorneem nie. Gaan na jou broer [of suster], in alle nederigheid en opregtheid, en stryk dit uit” (Ellen G. White, *Gospel Workers*, bl. 499).

Vir verdere studie:

Lees die inskrywing “Forgiveness,” bl. 825-826, in die *Ellen G. White Encyclopedia*. “Wanneer elke gelowige, as medewerkers van Christus, Hom voortdurend in hul harte het; en wanneer alle selfsug tot ’n einde gekom het; wanneer daar geen wedywing of strewe na opperheerskappy is nie; wanneer almal een is en geheiligde lewens lei, soveel so dat die liefde onder gelowiges iets sigbaars en tasbaars is – dán sal die genadegawe ons te beurt val, sal die Heilige Gees oor ons uitgestort word. Wat meer is, net soos die Here se belofte, kan ’n mens geheel en al daarop peil trek” (Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 175). “As ons in die oordeelsdag in Christus verborge wil wees – in Hom wat immers ons vaste burg is – moet ons alle jaloesie en wedywing om opperheerskappy laat vaar. Daardie onheilige dinge moet ons wortel en tak uitroei, sodat dit nie weer kan opkom nie. Ons moet ons van harte by Christus skaar” (Ellen G. White, *Last Day Events*, bl. 190).

Vrae vir bespreking:

1. Lees Kolossense 3:12–17. Bespreek die Christelike eienskappe waartoe Paulus die kerk in Kolosse aanmoedig. Waarom is daardie eienskappe die grondslag van alle konflikresolusie? Hoe rig dit ’n mens in die toepassing van die beginsels wat Jesus in Matteus 18:15–18 uiteensit?
2. Kyk weer na Kolossense 3:12–17 en wat dit ons leer. Hoekom is hierdie dinge so uiters belangrik vir kerkeenheid?
3. Wat is die grootste struikelblok, vir die Sewendedag-Adventistekerk as ’n geheel, in ons soeke na die soort kerkeenheid wat die wêreldwye verkondiging van die evangelie bewerkstellig? Is ons leerstellings die probleem? Allermens. Dit is juis die bybelboodskap wat God ons skenk om aan die wêreld te bring. Miskien lê die probleem uitsluitlik by ons – in ons binne – by ons swak interpersoonlike verhoudings, ons kleinlike afgunstigheid, ons gekyf, ons selfsug, ons begeerte na opperheerskappy, en ’n magdom ander verkeerde dinge. Hoekom moet elke gelowige vir die krag van die Heilige Gees bid, sodat innerlike in hom/haar kan plaasvind, alvorens eenheid in die ganse kerkgenootskap verwesenlik kan word?

Opsomming: Die evangelie van Jesus Christus gaan oor genesing en transformasie van die mens. Wanneer dit gebeur, het dit outomaties ’n impak op ons wedersydse verhoudings. Die Skrif gee ons kragtige beginsels en goeie voorbeelde van hoe ons hegte en gesonde bande met mekaar kan hê, ten spyte van die sondige wêreld waarin ons woon en werk.